Mei / May 2017 No 48

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor Wiehahn Victor

Inhoudsopgawe / Index

	Bladsy
Inhoudsopgawe	1
Uitnodigng :	
KPV Algemene Jaarvergadering / Inligttingsdag	2
Algemene Jaarvergadering : Sakelys	3
Bestuur van die Vereniging	3
Belowende Koejawelseleksies op Bien Donne	4 - 5
Boomsensus : So groei ons oor die jare	6
Increased demand for Brazilian guava pulp	7
Aanwysings na Le Bac	8

Hiermee word u vriendelik uitgenooi na die

KOEJAWEL PRODUSENTE INLIGTINGSDAG

Datum:	**Woensdag, 14 Junie 2017**
Tyd:	**15:30**
Plek:	**Le Bac, Paarl**

PROGRAM		
15:30	**Verwelkoming**	**Poena Malherbe** ***KPV Voorsitter***
15:35	**KPV Algemene Jaarvergadering**	**Sakelys** **Wiehahn Victor**
16:00	**Voorsittersverslag**	**Poena Malherbe** ***KPV Voorsitter***
16:30	**Die ekonomie van Koejawel verbouing/produksie**	**Rihan Saayman** **OABS**
17:00	**Navorsing vir die Koejawelbedryf**	**Chris Smith** **Konsultant**
17:15	**Bemestingbehoefte van Koejawels**	**Gerrit Burger** **Haifa**
17:30	**Spitbraai / Drankies**	**Geborg deur KPV**

- **Rihan Saayman - Landbou-ekonoom van Optimal Agricultural Business Systems (OABS)**
- **Gerrit Burger - Landboukundige van Haifa SA**

kOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING
ALGEMENE JAARVERGADERING
SAKELYS

[1] Notule van vorige vergadering 26/5/2015

1.1 Sake uit Notule

[2] Finansiële verslag soos op 28/2/2017

2.1 Ledeheffings

[3] Verkiesing van bestuur

[4] Algemeen

≈ ≈ ≈ ≈ ≈ ≈ ≈ ≈ ≈ ≈ ≈ ≈

BESTUUR VAN DIE VERENIGING

STREEK	VERTEENWOORDIGER
Porterville	C C van der Merwe
Paarl	P J Malherbe
Wellington / Dal Josafat	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	J J P Uys
Mosselbaai	B Robertson
Addisionele Gekoöpteerde Bestuurslede	W Visagie A J Joubert W Grobbelaar

As gevolg van die bedanking van GR Joubert van Wellington is daar 'n vakature vir 'n Bestuurslid vir Wellington.

BELOWENDE KOEJAWELSELEKSIES OP BIEN DONNÉ

Salomie Willemse, Christo Human & Arthur Sippel
Landbounavorsingsraad-Tropiese en Subtropiese Gewasse,
Privaatsak X11208, Mbombela, 1200, Mpumalanga
salomie@arc.agric.za

Verskeie belowende koejawelseleksies uit die LNR-Tropiese en Subtropiese Gewasse (LNR-TSG) se koejawelteelprogram het enkele jare gelede al die lig gesien. Verbeterde eienskappe soos interne kleur, saadinhoud en vruggrootte is by die seleksies waargeneem en om dié rede ingesluit in 'n Fase II evaluasieprogram, wat behels 'n verdere boord evaluasie van klonale material van die belowende seleksies. As gevolg van Koejawelverwelksiekte in die noordelike provinsies, is daar besluit om hierdie nuwe seleksies in die Wes-Kaap te evalueer. Die eerste proef is in Robertson geplant, maar swartryp gedurende die 2016 seisoen het ongelukkig die hele proef vernietig. Die LNR-Infruitec het gevolglik grond beskikbaar gestel op Bien Donné proefplaas, en in Februarie 2017 is die nuwe evaluasieproef daar gevestig. Die twee kommersiële kultivars, 'Fan Retief' en 'TSG2', is saam met 34 verskillende seleksies in 'n gerandomiseerde proefblok geplant (Fig. 1, 2, 3 en 4). Daar word beoog om later in die jaar die evaluasieproef uit te brei met 'n verdere 21 seleksies. Befondsing is vanaf die Departement van Landbou: Wes-Kaapse Regering verkry om alle onkostes rakende die projek te dek.

Die proef in onder leiding van LNR-Infruitec personeel Mike North (nou afgetree), Pieter Quixley (plaasbestuurder) en Bongani Sokomani (navorsingstegnikus) gevestig. Afgetrede Hoofnavorsingstegnikus, Chris Smith, is aangestel om 'n ogie oor die proef te hou aangesien hy nog steeds op die proefplaas bly.

Fig. 1 Behoorlike grondvoorbereiding is gedoen

Fig. 2 Besproeiingstelsel word

Fig. 3 Grond word natgemaak

Fig. 4 Saailinge is

Daar is ook besluit om ‘n duplikaat blok van die koejawelgenebank van die LNR-TSG op Bien Donné te vestig. Die doel hiermee is om die koejawelteelprogram in die Wes-Kaap te vestig om sodoende die vervoer van koejawelmateriaal vanaf die noorde na die suide uit te skakel.
Steggies van die belowende seleksies asook die koejawelgenebank word in vermikuliet bewortel wat die verspreiding van Koejawelverwelksiekte uitgeskakel aangesien geen kompos of potmengsel gebruik word nie. Die plantmateriaal word ook deur Maritha Schoeman, plantpatoloog by die LNR-TSG getoets om seker dat maak dat alle materiaal skoon is. Koejawelverwelksiekte is ‘n grondgedraagde siekte en koejawelprodusente word gemaan om uiters versigtig te wees as

verwerkers trokke uit die noorde stuur om vrugte op die plase te kom haal.

KOEJAWEL BOOMSTATISTIEK

Die Koejawel Produsente Vereniging wil hiermee baie dankie sê aan al die produsente wat hul 2017 boomstatistiek op 'n vrywillige basis verskaf het. Ook baie dankie aan die Verwerkers wat hul boomgegewens gegee het om die korrektheid te kontroleer en te verbeter. Dit is belangrik dat die koejawelbedryf oor korrekte syfers beskik om goeie beplanning te kan doen.

Die gegewens is ontvang van 83 produsente en die volgende is die nuutste opsomming van die statistiek.

BOOMSTATISTIEK 2017

DISTRICT	BOME	HEKTARE
Malmesbury	1 095	2.19
Mosselbaai	29 152	54.7
Paarl / Dal Josafat	42 692	89.48
Piketberg / Porterville	49 415	164.67
Robertson	1 711	4.28
Stellenbosch/Kraaifontein	54 730	121.77
Wellington	128 651	215.6
TOTAAL	**307 446**	**652.69**

Indien aanplantings oor tyd vergelyk word was die groei in die bedryf soos in onderstaande table aangetoon

	2006	2010	2017
Bome	217 563	252 324	307 446
Hektare	511	547	653

- Wiehahn Victor

Increased demand for Brazilian guava pulp

Predilecta, a leading global guava processor and Coca-Cola's leading supplier of guava pulp, is attracting an ever-greater number of citrus growers in Brazil's São Paulo state to guava cultivation.

Company partner-director Antonio Carlos Tadiotti explains that Predilecta's unit in Matão, in São Paulo, now produces around 700 tonnes of guava pulp and jam per day.

"We are the largest guava processor in the world. Countries in Asia and Central America, which also have the fruit, do not have industries with this capacity," Tadiotti told daily O Estado de São Paulo.

The company is supplied with raw material by 260 small-scale farmers who grow guava in 20 municipalities located in a radius of up to 40 kilometres from the Matão unit. This season, guava growers will be paid BRL0.35 (USD0.11) per kilo for their fruit.

- Foodnews

KOEJAWEL INLIGTINGSDAG

Woensdag 14 Junie 2017

om 15:30

Te Le Bac, Paarl

Rsvp : By 021 87 21501 voor 12 Junie 2017

PADKAART